Sandton Afrikaanse Akademie

Sandton Afrikaanse Akademie (Pty) Ltd (Registrasie No 2012/003426/07)
75 Edison Singel, Sunninghill, 2157, Suid Afrika
Telefoon: +27 (0)11 234 6326 Faks: 086 611 1728
e-pos: tanya@sunninghill-kleuters.co.za
Departement van Onderwys registrasienommer 400418

Slegs vir Kantoorgebruik Aansoek goedgekeur
Toelatingsdatum:
Toelatingsnommer:

INSKRYWINGSVORM

GRAAD ☐ JAAR ☐

BESONDERHEDE VAN LEERDER			
Van:		Noemnaam:	
Volle Naam:			
Geboortedatum:		ID Nommer:	
Geslag:	Huistaal:	Woonadres:	
Kerkverband:			
Huidige skool:			
Aantal kinders in gesin:		Leerder se posisie in gesin:	
Ander kinders ook in S.A.A:	Naam:		Graad:
	Naam:		Graad:

GESINSINLIGTING		
VADER / STIEFVADER / VOOG	Verwantskap	MOEDER / STIEFMOEDER / VOOG
	Van:	
	Voorletters:	
	Voornaam:	
	ID Nommer:	
	Geloof:	
	Werkgewer:	
	Beroep:	
	Huwelikstatus:	
	Werk Tel No:	
	Huis Tel No:	
	Selfoon No:	
	Woonadres:	
	Posadres:	
	E-posadres:	

Parafeer _____/_____

NOODINLIGTING (ANDERS AS OUERS)		
Naam	Verwantskap	Telefoonnommer
1.		
2.		
GESINSDOKTER	Naam:	Tel no:

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENING	
Naam:	
Tel No:	Afskrif van ID: Ja / Nee
HOE HET U UITGEVIND VAN ONS: Web / Koerant / Plakate en pamflette / Straat borde / Iemand u vertel / Reeds in skool / Sleepwa	NASORG: Ja / Nee
HANDTEKENING VAN PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETAAL VAN REKENING	

Aanhangsels:

1. Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
2. Algemene toestemming en vrywaring
3. Afskrif van leerder se immuniserings kaart
4. Afskrif van leerder se geboorte sertifikaat
5. Afskrif van beide ouers se ID dokumente
6. Afskrif van mediese fonds kaart (voor en agterkant)
7. Afskrif van hooflid by mediese fonds se ID dokument
8. Bewys van betaling van registrasie fooi van R2000.00

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Somer	Winter	Heeljaar
Swem*	Landloop	Tennis
Atletiek		Sportdissipline*

* Graad R ook

Bogenoemde buitemuurse aktiwiteite is by die skoolfooie ingesluit.
Addisionele buitemuurse aktiwiteite sal later gekommunikeer word.

Afrigters:
Sportdissipline **afgerig deur Greg Shushu – Springbok atleet vanaf 1997 en Persoonlike afrigter by Virgin Active** (sluit in fiksheid, rugby-, netbal-, sokker-, krieketvaardighede, ens.)
Tennis **afgerig deur TNT Sports Management**
Swem **afgerig deur Wahoo Aquatic Centre**
Atletiek afgrigting binneshuis
Landloop afgrigting binneshuis

Parafeer _____/_____

ALGEMENE TOESTEMMING EN VRYWARING

1. Naam van leerder: _____
2. Naam van Mediese Fonds: _____ Plan: _____
3. Hooflid by Mediese Fonds: _____ Mediese Fonds No: _____
4. Allergieë: _____
5. Kindersiektes reeds gehad: _____
6. Algemene Gesondheid: Goed / Bevredigend / Sleg
7. Mediese Geskiedenis (bv. Epilepsie, stuipe, medikasie, ens.): _____

_____

8. Instruksies met betrekking tot mediese behandeling: _____

_____

9. Spesiale persone om te kontak in geval van mediese nood:

   1 _____ Tel/Sel _____

   2 _____ Tel/Sel _____

10. <u>TOESTEMMING VIR MEDIESE BEHANDELING:</u>

Ons die ondergetekendes, ouers/voogde van die leerder hierin vermeld, gee hiermee onherroeplik toestemming vir mediese behandeling of hospitalisasie ten aansien van die leerder hierbo vermeld, ten opsigte van enige mediese toestand wat behandeling benodig, hetsy op die skoolterrein, by ‘n uitstappie of enige buitemuurse aktiwiteit. Ons dra ons magte as ouer en voogde oor aan die Hoof van die skool, indien enige mediese behandeling/chirurgies vir my kind nodig sou wees. Ons aanvaar ook die verantwoordelikheid van enige mediese kostes betaalbaar in terme van sodanige mediese behandeling.

11. <u>VRYWARING TEN AANSIEN VAN MEDIESE BEHANDELING:</u>

Ek verklaar hiermee en waarborg dat alle mediese inligting wat noodsaaklik is ten opsigte van hierdie vorm geopenbaar is en vrywaar die skool, onderwyseresse of enige ander instansie van enige eis voortspruitend daaruit dat die inligting in terme hiervan geopenbaar is, nie volledig geopenbaar is nie.

12. <u>TOESTEMMING TOT VERVOER:</u>

Die ondergetekende ouer/voog gee hiermee toestemming dat die leerder hierin vermeld, vervoer mag word in geval van nood, deur middel van ‘n motorvoertuig, bus of enige ander vaartuig.

13. <u>ALGEMENE VRYWARING:</u>

Alhoewel die leerder se veiligheid en welstand te alle tye voorop gestel word, aanvaar die Bestuur, die Beheerliggaam, die Hoof, die Leerkragte en tydelike- of permanente werknemers of vrywillge ouers van die Sandton Afrikaanse Akademie geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid hoegenaamd vir enige besering of skade van welke aard ookal en op welke wyse veroorsaak, hetsy nalatig of andersins wat deur enige kind gelei word nie. Die ouer doen hiermee onvoorwaardelik en *in rem suam* afstand van enige eis teen die bovermelde entiteite of individue. (Hierdie vrywaring geld nie met betrekking tot growwe nalatigheid van bovermelde entiteite nie)

14. <u>TOESTEMMING VIR BUITEMUURSE AKTIWITITE:</u>

Ons, die ondergetekende ouers van die leerder, besef dat toestemming tot buitemuurse aktiwiteite direk met die 3de party gereël moet word en vrywaar dus hiermee die skool, onderwyseresse of enige ander instansie van enige skade wat gelei mag word weens buitemuurse aktiwiteite.

_____ _____

HANDTEKENING VAN VADER/VOOG HANDTEKENING VAN MOEDER/VOOG

ALGEMENE VOORWAARDES
EN TOELATINGSBELEID

Ons, die ondergetekende ouers aanvaar hiermee ongekwalifiseerd en onvoorwaardelik die toelatingsbeleid en voorwaardes van Sandton Afrikaanse Akademie en ons verklaar dat 'n afskrif daarvan aan ons beskikbaar gestel is tydens ondertekening van hierdie inskrywings- en toelatingsvorm.

1. Ons onderwerp ons spesifiek aan die Missie en Visie van die Sandton Afrikaanse Akademie soos van tyd tot tyd bepaal.
2. Die ouers/voogde, in hul hoedanigheid as voogde van die leerder verklaar en aanvaar dat hulle hul onherroeplik daarby neerlê dat die onderrigmedium van die skool Afrikaans as voertaal sal wees.
3. Die ouers/voogde bewus is van die Christelike aard van die skoollewe en instem dat die betrokke leerling Bybelklasse en saalbyeenkomste sal bywoon.
4. Die ouers/voogde namens die leerder aanvaar hiermee die kultuur verbonde aan die skool soos verwoord in sy missie en gee toestemming dat die leerder mag deelneem aan enige kultuuraktiwiteit en skoolbedrywighede soos daarin omvat.
5. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel word in die skool toegepas wat ten inhoud het dat elke leerder onderrig ontvang wat rekening hou met sy/haar bekwaamheid, aanleg en belangstelling binne die uitsluitlike diskresie van die skool in konsultasie met die ouers.
6. Die Bestuur van die skool behou volle reg van toegang tot die skool voor en behou ook die reg voor om enige leerder toelating tot die skool te weier sonder om redes van enige grond te vermeld, met dien verstande dat die gronde vir sodanige weiering nie gebasseer sal wees op enige element wat die uitwerking sal hê dat dit sal neerkom op diskriminasie ten opsigte van ras, geslag of diskriminasie in die algemeen soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.
7. Die ouers aanvaar dat die keuring van nuwe leerders geskied met inagneming van die behoud van tradisionele waardes en etos van die skool, beskikbare plek in die skool, geografiese gebied, ouderdomsbeperkinge en ander keuringsvereistes wat van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal word.
8. Die Bestuur en die skool behou die reg voor om enige leerder se toelating tot die skool terug te trek en sodanige leerder te skors uit die skool.
9. ‘n Kind/ers wat aan enige siekte- of geestestoestand ly, wat na mening van die skoolhoof of die Raad ander leerlinge mag benadeel of beïnvloed, kan gevra word om die skool te verlaat, hetsy permanent of tydelik.
10. Die leerder moet inpas by die natuurlike kronologiese ouderdom van die leerdergroep waartoe toegang verlang word en sal bepaal word met inagneming van die relevante Wetgewing en Regulasies daarkragtens uitgevaardig.
11. Die registrasiegelde is betaalbaar wanneer aansoek gedoen word om toelating. Hierdie geld dek administratiewe uitgawes en is nie terugbetaalbaar nie
12. Die ouers verantwoordelik vir die betaling van die skoolgelde, onderneem om die skoolgelde stiptelik te betaal. Indien die ouer wat verantwoordelikheid vir betaling van die skoolgelde aanvaar het, in terme van hierdie ooreenkoms, sou weier en/of versuim om sodanige skoolgelde te betaal, sal die ander ouer/voog van die leerder aanspreeklik word vir betaling van sodanige fondse en sal alle bepalings met betrekking tot hierdie ooreenkoms insgelyks op sodanige ouer van toepassing raak. Indien 'n leerder die skool bywoon vir langer as een week, sal die ouers *ipso facto* aanspreeklik wees vir skoolgeld.
13. Indien 'n ouer/voog sou versuim om die skoolgelde te betaal, behou die skool die reg voor om regstappe en/of enige ander stappe teen sodanige nie presterende ouer/voog in te stel, en om die gegewens van wanbetaling aan 'n kredietburo te verskaf. Sodanige nie-presterende ouer sal aanspreeklik wees om alle regskostes op 'n skaal soos tussen prokureur en eie kliënte te vereffen, insluitend invorderingskommissie.
14. Die ouer/voog van die leerder kies hiermee die adres soos in die inskrywingsvorm hiervoor vermeld as hul *domicilium citandi et executandi* vir alle doeleindes van moontlike kennisgewing wat aan sodanige ouer gerig moet word. Enige verandering daarvan sal deur die ouer skriftelik aan die skool oorhandig word.
15. Geen maandelikse skoolgelde sal egter op 'n pro-rata basis terugbetaal word nie.
16. Leerders moet geïmmuniseer wees en afskrifte van die nodige dokumente moet aan die inskrywingsvorm geheg word.

Parafeer _____/_____

17. Die ouer/voog aanvaar hiermee dat daar skoolreëls van tyd tot tyd deur die skoolhoof, personeel en beheerraad afgekondig word, wat van toepassing is op die onderskeie leerders. Die ouer/voog aanvaar hiermee namens hulself en die leerder dat sodanige skoolreëls, sonder uitsondering van enige reël, op die leerder van toepassing sal wees en aanvaar en onderwerp die leerder aan sodanige skoolreëls.

18. Van leerlinge word verwag om alle amptelike skooldae by te woon, insluitende spesiale dae en aande wat deur die skool as verpligtend beskou word. Verlof om afwesigheid sal slegs in die mees buitengewone omstandighede deur die skoolhoof toegestaan word.

19. Indien enige skade deur 'n leerder aan die skoolgeboue, toerusting of enigsins aangerig word, hetsy nalatig of opsetlik, aanvaar die ouer/voog hiermee onvoorwaardelik aanspreeklikheid van sodanige skade en onderneem om die skool skadeloos te stel ten aansien van die herstel en/of vervangingskoste van sodanige skade.

20. Alle persone en kinders wat die skoolterrein se persele betree, hetsy gemagtig of nie, doen dit geheel en al op eie risiko en sodanige persone onderneem om die reëls en regulasies van die skool stiptelik na te kom.

21. Die reg van toegang tot die skoolterrein en persele word te alle tye voorbehou.

22. 'n Sertifikaat van die bedrag van skoolgelde wat verskuldig en betaalbaar is, welke sertifikaat deur 'n hoof van die skool onderteken is, sal *prima facie* bewys wees van die opeisbaarheid en verskuldigdheid van enige bedrag betaalbaar ten aansien van skoolgelde. Die aanstelling van sodanige ondertekenaar hoef nie bewys te word nie.

23. Indien die ouer of verantwoordelike persoon vir betaling van die rekening sou versuim om 'n adresverandering skriftelik aan die skool te verskaf, sal sodanige ouer/voog verplig wees om die koste ten aansien van enige opsporingsagente te vereffen.

24. Ons, die ondergetekende as ouers en voogde van die leerder, dra hiermee die dissipline-bevoegdheid as ouer oor aan die hoof van die skool met die mag van delegasie met dien verstande dat sodanige dissipline-bevoegdheid te alle tye redelik uitgeoefen sal word.

25. Indien enige skoolgelde nie stiptelik betaal word op die betaaldatum daarvan nie, sal rente gehef word teen 'n koers van 2% per maand met dien verstande dat sodanige koers nie die bepalings van die woekerwet sal oorskry nie.

26. GEEN NASORG KINDERS MAG NA 17:00 AFGEHAAL WORD NIE. Ouers wat kinders na 17:00 afhaal sal ‘n boete van R60 per 15 minute (of gedeelte daarvan) wat die kind na 17:00 opgelaai word, verskuldig wees.

27. Leerders wat laat afgehaal word, en nie deel van die nasorg is nie, skakel outomaties by nasorg in teen R25-00 per uur ekstra. Leerders kan voltyds of deeltyds by hierdie diens inskakel. Indien ‘n leerder net deeltyds van die nasorg gebruik maak beloop dit R100-00 per middag ekstra.

28. Daar sal boek gehou word van die boetes deur die loop van die maand en dit sal op die rekening bygevoeg word. Die boetes is dan betaalbaar saam met die volgende maand se skoolgeld.

29. **Tydens vakansie tye is die skool gesluit. Vakansieprogramme sal op behoefte gereël word, teen ‘n addisionele fooi.**

30. ‘n Volle kalender maand kennis moet skriftelik ingedien word indien u besluit om die skool te verlaat. Indien u versuim om die kennisgewing in te dien, sal u verantwoordelik gehou word vir ‘n maand se fooie na u kind die skool verlaat het.

31. Jaarlikse verhoging van skoolfooie sal in November maand van elke jaar gekommunikeer word en sal effektief wees vanaf Januarie die daaropvolgende jaar.

32. Skoolgelde is betaalbaar op die 1ste skooldag van elke maand vanaf Januarie tot Desember.

33. U word versoek om te sorg dat u die skoolhek agter u toemaak.

34. SIEK LEERDERS HOORT TUIS. Indien daar enige medikasie toegedien behoort te word, moet dit asb. persoonlik by die betrokke onderwyseres gelaat word. ALLE medikasie moet DUIDELIK GEMERK wees en moet in die medikasie register aangedui word en die verantwoordelike persoon vir die leerder moet daarby teken.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20___

_____ _____

HANDTEKENING VAN VADER/VOOG HANDTEKENING VAN MOEDER/VOOG

ALGEMENE SKOOLREëLS

1. OMSENDBRIEWE

Omsendbriewe word aan u gestuur per epos, maak asb. seker dat ons u nuutste eposadres het.

2. VERLAAT VAN DIE SKOOLTERREIN TYDENS SKOOLURE

Leerders mag slegs die skoolterrein verlaat nadat hulle ouers hulle skriftelik uitgeteken het by die skool.

3. AFWESIGHEID

Indien ‘n leerder afwesig was moet sy ouers ‘n afwesigheidsbriefie die eerste dag van terugkoms saamstuur.

Leerders moet deur ‘n onderwyser/es kantoor toe gestuur word indien die leerder siek is en dan sal die kantoor die ouers in kennis stel.

Leerders **mag nie** self hulle ouers bel om hulle vir siekte te kom haal nie.

4. SKOOLEIENDOM

a. Behoorlike versterkte tasse moet verkry word, wat die boeke sal beskerm
b. Handboeke en ander eiendom moet opgepas word en in ‘n goeie toestand terugbesorg word
c. Geen gekrap op banke, mure en boeke word toegelaat nie
d. Niemand mag met elektriese- en brandbestrydings apparate peuter nie
e. Ander leerlinge se eiendom is privaat en moet alleen gelaat word
f. Beskadigde eiendom moet herstel word op die ouer/voog se onkoste

5. SKOOLVERLATING

Alle handboeke moet ingehandig word. Uitstaande skoolgelde moet betaal word en daarna sal ‘n oorplasings sertifikaat uitgereik word.

6. VERJAARSDAE

Op hierdie dag mag die leerder gewone klere skool toe aantrek.